Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 1, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE VRYSTAATSE VRYWILLIGE MILITÊRE EENHEDE. 1854-1899

*Maj J. A. Steenkamp

Whereas the patriarchs of the Orange Free State accepted the Commando-system as the valid military system for the newly established Republic of the Free State in 1854, it was a problem indeed to organise an efficient military service which would also prove effective in time of war.

The Afrikaans-speaking people favoured the Commando-system and the English-speaking people the Volunteer Military Unit system. The latter system never really proved successful in the Free State as most of these units existed for a very short period of time only, before disbandment.

## Inleiding

Die Vrystaatse Republiek wat met die ondertekening van die Bloemfontein Konvensie op 23 Feb 1854 tot stand gekom het, het sy onafhanklikheid seker onder die ongunstigste omstandighede denkbaar gekry. Tereg meld Theal: 'Its territory looks large on a map, but it is in no part capable of supporting a dense population. Though covered at certain seasons with rich grass, the great plain is in times of drought a dreary waste. Its soil is shallow and its rainfall is so uncertain that agriculture cannot be carried on unless water is conserved by artificial means'.[1] Hierby moet gereken word dat die Britte hierdie gebied wat voor onafhanklikheid as die Oranjerivier Soewereiniteit bekend gestaan het, weens die Basoeto-vraagstuk met die Bloemfontein Konvensie aan die oorspronklike inwoners teruggegee het.

Die Vrystaatse volksvaders het die beproefde, erkende en aanvaarde militêre opset, nl die kommando-stelsel as militêre stelsel van die jong staat aanvaar. Die probleem was egter om met die beperkte middele van die staat 'n behoorlike krygsdiens daar te stel, wat in oorlogstyd aan sy doel sou beantwoord. In die aanvaarde grondwet is die riglyne vir die Vrystaatse militêre stelsel neergelê, terwyl die stelsel in die kommando-wet van 1854 ten volle uiteengesit is.[2] Met verloop van jare is hierdie wet verskeie kere gewysig, terwyl meer as 70 ordonnansies, wette, regulasies en besluite as aanvulling tot die wet gedien het.

Tog was daar diegene wat van mening was dat die kommando-stelsel nie voldoende was nie en loop die gedagte van vrywilliger eenhede as aanvulling tot die kommando-stelsel as 'n goue draad deur die Vrystaatse militêre geskiedenis. Die gedagte van vrywilliger eenhede was egter nie eie aan die Vrystaat nie. McKenzie beweer die sogenaamde 'volunteer movement' het waarskynlik 'under the remote influence of Europe's Napoleonic Wars and in the domestic setting of the first British occupation in the Cape' begin.[3] So het 'n groep vrywilligers bv in 1799 hul dienste vir die verdediging van die Kaapkolonie aan die Goewerneur aangebied. Hulle het as die *Cape Association* bekend gestaan.[4]

In die jare wat gevolg het, het die vrywilliger beweging 'n laagtepunt aan die Kaap bereik. Die Krimoorlog sou egter weer die beginsel van vrywilligers na vore laat tree. So het die sekretaris van die Hoë Kommissaris, R. Southey in 1847 'n proklamasie in die Kaap uitgevaardig, waarin die 'able-bodied inhabitants' opgeroep is om by die naaste dorp as vrywilliger in te skryf.[5] Sir H. Smith wou hierdie persone in eenhede verdeel, 'to avoid future inroads by preparing for them at a period when the Kaffirs are subdued by force of arms'.[6]

## Eerste pogings in die Vrystaat

Die gedagte van vrywilliger eenhede het in 1851 in die Oranjerivier-Soewereiniteit posgevat, toe 'n groep lojale inwoners van Bloemfontein 'n dorpswag gevorm het 'to aid the Government whenever the troops should take the field'.[7] Hierdie wag het bestaan uit twee afdelings, nl 'n kavallerie- en infanterie-afdeling. Die kavallerie-afdeling, onder bevel van kaptein H. Lowen het bekend gestaan as die *Bloemfontein Yeomanry*, en die infanterie-afdeling onder bevel van kaptein G. Harris, was bekend as die *Bloemfon-*

*Maj. J. A. Steenkamp is verbonde aan HSI

*tein Volunteers*.[8] Soos talle latere korpse het hierdie korpse 'n vroeë dood gesterf.

Enkele maande na die onafhanklikheid van die Vrystaat het W. J. Coleman aan pres J. P. Hoffman geskryf dat 'in een bijeenkomste den inwoonders van Smithfield is het besloten om de Burgher Rifle Troep op te regten'.[9] Hierdie korps wat as die *Smithfield Burger Rifles*, bekend gestaan het, het ten doel gehad, 'express en alleenlijk, om de thans bestaande Gouvernement van deze Staat, te beschermen en op te houden, en als verpligte beschouwen, om dezelve tegen alle vijanden, hetzij inwendig of uitwendig, zoo verre als moglijk te beweeren'.[10] Ook die inwoners van Bloemfontein het besluit om onder leiding van W. D. Savage die *Bloemfontein Rifle Corps* te stig, 'composed of some 20 young Englishmen'.[11] Albei hierdie eenhede het gereeld geoefen 'in all sorts of military evolutions, advancing, retiring, forming square, etc', maar het weens gebrek aan ondersteuning 'n vroeë dood gesterf.[12]

President J. P. Hoffman word egter weens die skenking van 'n vaatjie buskruit aan Mosjesj gedwing om te bedank. Hy word in 1855 deur die Nataller, J. N. Boshof, opgevolg. Pres Boshof het in Natal die doeltreffendheid van vrywillige eenhede besef, en in 1857, na afloop van die probleme met M. W. Pretorius, het hy die lojale burgers van Bloemfontein bedank en afgesluit 'with an allusion to the gratification it would give him to see a riflecorps established in this place'.[13] Die inwoners van Bloemfontein het spoedig hieraan voldoen en is die *Bloemfontein Yeomanry* in die lewe geroep.[14] Die reglemente is aan die President voorgelê, maar weens 'n bepaling 'aan het hoofd gemaakt dat namelijk de leden van de Yeomanry nooit gecommandeerd zullen kunnen worden om buiten de stad dienst te doen', kon pres Boshof nie sy goedkeuring hieraan heg nie.[15] Die bestuur van die korps het nie hul weg oopgesien om die bepaling te wysig nie, met die gevolg dat van hierdie eenheid niks verder verneem is nie.[16]

Die oproep van die President het egter nie heeltemal op dowe ore geval nie. Dit het eerder 'n 'marshal spirit' in die land tot gevolg gehad,[17] en kon pres Boshof in 1857 in die Volksraad verklaar: 'Het is my ook aangenaam melding te maken van de lofwaardige stemming door ingezeten van deze plaats, Smithfield en Fauresmith betoond in de oprigting van burger corpsen, die zich geregeld in de wapens zullen oefenen, zoowel als een korps artilleristen te Bloemfontein, om in geval van nood de dorpen krachtdadig op kortst mogelijke kennisgeving te beschermen, of ook bij hooge noodzakelijkheid tegen eenigen vijand op te rukken'.[18] In Fauresmith is die *Fauresmith Rifle Corps* onder bevel van kapt F. K. Höhne in die lewe geroep,[19] terwyl in Winburg die Winburgsche Vrywillige Ruitery tot stand gekom het.[20]

Die verskillende korpse het hul reglemente aan die President voorgelê, en na goedkeuring is dit in *The Friend of the Free State* gepubliseer. Die reglemente het egter weinig verskil en het daarop neergekom dat elke korps sy eie offisiere verkies het, terwyl elke lid homself van 'n perd, saal en geweer moes voorsien.[21] Ook moes elke lid 'n voorgeskrewe bedrag maandeliks betaal, terwyl elkeen die voorgeskrewe uniform moes aanskaf.[22] Die korps sou ook hul eie dissipline handhaaf en so sou 'n lid van die *Winburgsche Vrywillige Ruitery* bv. 'ter verantwoording geroepen worden voor eene hof bestaande uit twee officieren en drie leden van de Corps.'[23] Indien hy dan skuldig bevind sou word, kon hy dan 'n boete van 'niet te bovengaande een pond sterling' opgelê word.[24]

Die voorstelle van pres Boshof het egter ook ernstige teenkanting uitgelok en verskeie memories, versoekskrifte teen die stigting van sodanige korpse is ingedien.[25] Die bewoording van sommige van hierdie memories was uiters kras en selfs beledigend. Ene L. Bouer het sy memorie afgesluit met die woorde, 'U eedelens is zeer goed bekent dat drillen, voor een Boer de afschuwelikste ding die aan een burgerman kan gedaan worden. Endien sij niet verhoordt woort (sic) alsoliefd de gebiet van die Vrijestaat te verlaaten.'[26] Die Volksraad het egter tot die gevolgtrekking gekom dat 'de memorie — eigenlijk maar twee origineele naamteekeningen bevat, aangezien de overige 45 namen, daarop voorkomende door een en dezelfde hand geschreven zijn.[27] Daar is toe besluit dat hoewel die President met hierdie korpse die welvaart van die land beoog het, dit duidelik is dat die burgers daarteen gekant is en dat die stigting van sodanige korpse aan die keuse van die burgers oorgelaat moes word.[28]

So het ook die pogings van pres Boshof om vrywillige eenhede te stig, op niks uitgeloop nie. In die jare wat gevolg het, is die versiendheid van pres Boshof geloof. Só skryf Hofstede oa: 'Hadden zij toen liewer tot voorbeeld der

onwetenden en tot ondersteuning van den heer Boshof gewerkt, zooals elk burger verplicht was, daar ons land geen soldaten heeft om zijne wetten en onafhankelijkheid te handhaven.'[29]

In 1860 het prins Alfred van Brittanje die Oranje-Vrystaat besoek en dit het as stimulus vir die stigting van vrywilliger eenhede gedien. In Bloemfontein het die sogenaamde *Dirty Boys* tot stand gekom. *The Friend of the Free State* gee die volgende beskrywing van die groep: 'This body consists chiefly of all young men, who would gladly see the country re-instated under the Queen's rule; but to those are to be added, others of all nations, who hate tyranny in any shape, and who desire progress and enlightenment . . . They constitute the only organized band in this country, who, whether in actual fight or in any other position of difficulty, can be relied on, to do or die.'[30] Ook op Smithfield het weer eens 'n vrywillige eenheid tot stand gekom, wat die Prins na Smithfield begelei het. 'These latter were all young unmarried men, dressed in tan cord, black hats, and white ostrich feathers with bridle and saddle-cloths trimmed with red, white and blue.'[31] Spoedig het daar weer niks van hierdie eenhede oorgebly nie, en was hulle in die praktyk niks meer as 'n seremoniële erewag nie.

## Pres Brand en die Basoeto-oorloë

Hoewel daar in die tyd van pres M. W. Pretorius pogings was om vrywilliger eenhede te stig, het dit weens 'n gebrek aan owerheidsondersteuning skipbreuk gely. Dit was egter die koms van pres J. H. Brand na die Vrystaat wat die gedagte van vrywilliger eenhede laat herleef het. So is met die ontvangs van die nuutverkose pres Brand, in verskeie dorpe vrywilliger korpse gestig.[32] Die inwoners van Bloemfontein het in hierdie stadium teen oorhaastige optrede besluit en hulle het ooreengekom om slegs 'n erewag vir die doel saam te stel. 'It was agreed upon that the guard should wear drab wide-awakes, with a white band round them, black jackets, and white trousers.'[33]

Met die inswering van pres Brand op 3 Maart 1864 het die verskillende korpse as erewag opgetree en nadat hy almal bedank het, het hy onder meer verklaar dat hy van plan is 'to assist in the establishment of rifle corps throughout the Free State.'[34]

Pres Brand het sy woord gestand gedoen en op 22 Maart 1864 het hy die bevelvoerders van al die vrywilliger eenhede na Bloemfontein uitgenooi.[35] Toe eers het die inwoners van Bloemfontein tot die formele stigting oorgegaan, want in antwoord op die omsendbrief van die President het E.S. Hanger geantwoord dat hy slegs 'appointed as such to accompany the President into Bloemfontein.'[36] In 'n vergadering wat op 2 April 1864 in die landdroshof gehou was, is besluit om 'n vrywilliger eenheid te stig. Die saamstel van die reglemente is aan 'n komitee bestaande uit J. A. Smellekamp, E. S. Hanger, W. W. Collins, G. A. Fichardt en J. A. Cameron opgedra.[37] Op 27 April 1864 is die *Bloemfontein Mounted Rifles* formeel op 'n vergadering onder voorsitterskap van pres Brand gestig.[38] E. S. Hanger is as kaptein aangewys, J. A. Cameron as adjudant en T. Beeton as sekretaris en tesourier.[39]

Net soos in 1858 het die gedagte van vrywilliger eenhede weer oor die land gespoel[40] en die Uitvoerende Raad sou die reglemente van verskeie korpse goedkeur, t.w. *Philippolis Ruitery-Corps, Smitfield Ruitery-Corps, Bloemfontein Ruitery-Corps* en *Bloemfontein Volunteer Corps*.[41] In Bloemfontein was daar selfs twee korpse, nl. die *Bloemfontein Mounted Rangers* en die *Bloemfontein Volunteer Corps* wat weens die tekort aan perde 'n infanterie eenheid sou wees.[42]

Aan die noodsaaklikheid van sulke eenhede is daar nie getwyfel nie. 'The fact is that we ought to have had local volunteer corps long ago. Natal has them, and their bands form a band of friendly union. Cape Town has them, and although the enthusiasm in the west decays, yet the volunteer spirit is far from extinct,' skryf die redakteur van *The Friend of the Free State*.[43] Die groot vraag was egter of die eenhede hierdie keer sou voortbestaan. Reeds in Junie 1864 berig 'n korrespondent dat die eenheid op Harrismith ontbind is.[44] Nieteenstaande 'n byeenkoms van bevelvoerders wat in Junie 1864 in Bloemfontein gehou is, het *The Friend of the Free State* in November berig: 'We are sorry to hear from all quarters, that the most of those volunteer corps that sprung up mushroom-like about the end of January last, are one by one dying out.'[45]

Tog het die Bloemfontein Rangers voortbestaan en gedurende die Basoeto-oorloë getoon dat hulle die leuse op hul vaandel, *Vincere aut morire* (Oorwin of Sterf) waardig was.[46] Hulle het aan verskeie gevegte deelgeneem en hulle onderskei. In Julie 1865 berig die adjudant-generaal, J. H. Lange: 'de Rangers zijn fluks.'[47]

Ook *The Friend of the Free State* meld tereg 'dat geen korps of kommando van een gelijk aantal menschen gedurende den tegenwoordigen oorlog meer dienst gedaan en getracht heeft een goed voorbeeld te geven van moed, orde en gehoorzaamheid aan de bevelen aan dit korps.'[48] Tog het hierdie korps ook weens gebrek aan belangstelling agteruitgegaan en in Februarie 1866 is dit formeel ontbind.[49]

Gedurende die Basoeto-oorlog van 1865 was daar voortdurend belangstelling vanuit die ander state.[50] In Junie 1865 maak 'n briefskrywer, onder die skuilnaam van 'an Old Settler', die voorstel dat vrywilligers vanuit die Britse Kolonies in 'n vrywilliger eenheid byeengebring moes word. Hy het verder voorgestel dat hulle die buit wat hulle van die Basoeto's afneem, moes behou.[51]

Die Staatspresident het die nut van so 'n korps ingesien, maar die neutraliteitsproklamasie van sir P. E. Wodehouse, die Kaapse Goewerneur, het die werwing van vrywilligers in die Kaap en Natal verbied. Desnieteenstaande het die Staatspresident in 'n proklamasie bevestig dat diegene wat nie burgers is nie, en hul vrywillig by die kommando aanmeld, dieselfde behandeling as enige ander burger sou ontvang.[52]

Namate die oorlog gevorder het, het korrespondensie in *The Friend of the Free State* al hoe meer op die daarstelling van 'n korps bestaande uit uitlanders aangedring. Ene 'A Well-Wisher of the State' skryf op 14 Julie 1865: 'I am of opinion that should the President offer to provide and equip with funds, provisions and horses all volunteers, allowing them to act irrespectively of any and commando's apportioning to them all spoil taken from the enemy, and promising an equal right of such land as may be wrested from the Kaffirs, — the arms and horses to remain the property of the State, — that many active men of the ex-German legion, and others, would at once rally to this State.'[53] Op 29 September 1865 het dieselfde blad T. Webster, as kommandant van so 'n korps aanbeveel, aangesien hy uitnemende diens tydens die Xhosa-oorloë in die Kaap gelewer het.[54]

In Oktober 1865 kon *The Friend of the Free State* dan ook met genoeë aankondig dat die President die stigting van so 'n korps onder kaptein T. Webster goedgekeur het.[55] Webster het onmiddellik ingespring en in 'n proklamasie 'ieder vriend der blanken, zoowel binne den Staat als in de Kaapkolonie', uitgenooi om by hom aan te sluit,[56] terwyl hy onmiddellik vrywilligers onder die Barolongs gaan werf het.[57]

Die gedagte dat hierdie korps alle goedere wat hulle van die vyand afneem, kon behou, het tot gevolg gehad dat talle burgers by die korps wou aansluit. Gevolglik moes die Goewermentsekretaris inderhaas berig dat 'geen staats burgers die aan Commando-dienst onderhevig zijn' by die korps kon aansluit nie.[58] Die gevolg hiervan was dat Webster nie genoeg vrywilligers binne die Vrystaat kon werf nie en gedurende November 1865 vertrek hy op 'n werwingsveldtog na die Kaapkolonie. 'Zijne voorslagen zijn met geestdrift en warmte ontvangen en ondersteund door een groot aantal blanke kolonisten.'[59] Pres Brand het onmiddellik hierdie flater besef en hy skryf aan Webster: 'I was very sorry to see in the newspaper that in your advertisement you called on the Cape Colony for volunteers. If I had known I would have warned you not to do so.'[60] Hy vra verder dat Webster die neutraliteitsproklamasie van die Kaapkolonie moes erken.

Ongelukkig het pres Brand hierdie waarskuwing te laat aan Webster gerig want die Hoë Kommissaris het onmiddellik enige ammunisietoevoer na die Vrystaat verbied. In 'n brief van 2 Desember 1865 skryf goewerneur Wodehouse aan pres Brand dat hy nie met die gedagte van 'n vrywilliger korps onder Webster saamstem nie aangesien 'it is intended to keep them together by the promised liberty to appropriate all the plunder that may fall into their hands.'[61] Pres Brand het verduidelik dat hy nie aan Webster opdrag gegee het om in die Kaapkolonie vrywilligers te werf nie[62] en verder dat Wodehouse geen reg het om die ammunisie toevoer te stop nie.[63] Tog het Wodehouse voet by stuk gehou en op 29 November 1865 'n nuwe proklamasie uitgevaardig waarin hy dit weer eens beklemtoon het dat geen Britse onderdaan hulp aan die Vrystaat mag verleen nie.[64] Nieteenstaande hierdie probleem het die getalle van die korps gegroei.

Dit was egter eers in Februarie 1866 dat die Volksraad die stigting van die korps onder kaptein Webster goedgekeur het en op 10 Februarie 1866 is die nodige regulasies aangeneem.[65] Hiervolgens is kaptein Webster as kommandant van die korps aangestel terwyl hy te velde bygestaan sou word deur 'n krygsraad van nie minder as drie offisiere nie,[66] en 'met het oogmerk om over zaken betrekkelijk gemeld

corps, welke door eenige lid voor dezelve gebracht wordt te beslissen.'[67] Alle lede van die korps was tot gehoorsaamheid gebind, en enige persoon wat dros en by die vyand aansluit, kon met die dood gestraf word.[68] Ander oortreders is ooreenkomstig die kommando-wet gestraf,[69] terwyl die President die reg gehad het om in oorleg met die Uitvoerende Raad die korps te eniger tyd te ontbind.[70]

Hoewel hierdie eenheid gedurende die Basoeto-oorlog van 1865 goeie werk gedoen het,[71] kon dit weens die proklamasie van Wodehouse, en die besluit van die President dat geen dienspligtige burger by die eenheid mag aansluit nie, nie op dreef kom nie.[72] C. Lucas, een van die Blankes by kaptein Webster, het dit so aan die President gestel: 'We have been able to do little in the way of harassing the enemy, our strength not being yet sufficient.'[73]

Met die ondertekening van die vredesverdrag het hierdie korps ook doodgeloop. 'n Gedeelte onder luitenant Ward is as beskerming vir die landkommissie behou,[74] terwyl kommandant Webster as kommandant oor die Nie-Blankes in die gebied van Bamboesplaas aangestel is.[75]


Teen 1867 was die inwoners van die Vrystaat moeg vir kommando-diens. In 1867 het weinig vrywilligers by die kommando's aangesluit[76] en het die dienspligtige burgers al hoe lakser geword. Selfs kaptein E. S. Hanger, voorheen bevelvoerder van die *Bloemfontein Rangers*, is by die landdros van Bloemfontein aangekla omdat hy nie op kommando wou gaan nie.[77]

Die inswering van pres Brand in 1869 vir sy tweede termyn as staatspresident het in skrille kontras met 1864 gestaan, want nie een van die korpse wat in 1864 in groot getalle teenwoordig was, het nog bestaan nie. *The Friend of the Free State* stel dit so: 'It is rather curious that war, which naturally one would think should have fostered these infantine efforts at military organizations, has in reality proved the death of them. Not one of all our Volunteer Corps is now in existence throughout the State.'[78]

## Die tydperk 1879 - 1899

Die anneksasie van Basoetoland deur Brittanje in 1869 het 'n tydperk van vrede ingelei. *The Friend of the Free State* van 10 Februarie 1869 stel dit so: 'Peace lay like a shaft of light across the land! After peace came quietness and contentment, and then the people of the country were lulled into a feeling of security that there was no more need for girding the sword.' Dit was eers teen 1888 na die dood van pres Brand dat die beweging vir vrywilliger eenhede weer na vore gekom het. *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad* berig op 11.9.1888 dat die inwoners van Bloemfontein 'n byeenkoms in die 'Gospel Army Barracks' met die oog op die stigting van 'n vrywilliger eenheid te Bloemfontein gehou het. Tydens hierdie byeenkoms is op die naam President Brand Rifles besluit.[79]

In 'n brief van J. Steyn aan die waarnemende president is gemeld dat die 'President Rifles is opgericht met het doel om de jonge burgers van de Stad Bloemfontein te exerceren met geweren.'[80] Tot offisiere is verkies kaptein J. W. G. Steyn, luitenante T. H. Harrison en W. Coleman.[81]



**Enkele lede van die President Brand Rifles, waarvan die uniforms deur C. F. Wulfert in Berlyn gemaak is, en in 1889 in ontvangs geneem is.**

Die uniforms van die *President Brand Rifles* is deur C. F. Wulfert in Berlyn gemaak en is gedurende Februarie 1889 in ontvangs geneem.[82] Aanvanklik is dit oor die algemeen goed ontvang, maar 'the helmet is the only thing which does not give general satisfaction, it being

locally described as 'a flat Bismarkian arrangement',[83] aldus *The Friend of the Free State*. Teen 1890 het die lede egter hulle afkeur teen die uniforms openlik uitgespreek. Volgens *De Express* 'at present a rifleman in full dress looks like a bad cross between a flunkey and a railway guard.'[84] Die korps het egter vinnig vooruitgegaan en in November 1889 is selfs 'n tweede kompanie gestig,[85] maar teen 1890 moes *The Friend of the Free State* weer eens vra 'what is the matter with the P. B. Rifles? Formerly they used to attend Church parade, but in these latter days they do not muster.'[86] Tog het die korps voortbestaan en in September 1890 het hulle 'n eed van getrouheid aan die Staat afgelê.[87] Die regulasies van die korps is in Desember 1890 in die *Gouvernements Courant* gepubliseer.[88]

Teen 1892 het lede van die Volksraad gevoel dat die verskillende vrywilliger eenhede tog 'n nuttige doel dien, maar dat hulle van staatsweë finansieel gehelp moes word om hulle op 'n vaste grondslag te plaas.[89] Die Raad het dit aan die President opgedra om by die eersvolgende sitting 'n konsep-wet in die verband voor te lê.[90]

Tydens die Volksraadsitting van 1893 het pres Reitz so 'n konsep-wet op 'Vrijwilligers Corpsen en Schietvereenigingen' voorgelê en is dit as Wet No. 5 van 1893 aanvaar. Hiervolgens sou alle vrywilliger eenhede wat minstens dertig lede het, jaarlik 'van staatswege een toelage toegestaan worden gelijk staande met de helft van de som die door zoodanig Vrywilligers Corps of Schietvereeniging, jaarlijks bijeen gebracht worden, in geen geval de som van £20 per vrywilliger Corps . . . te bovengaande.'[91] Lede van die korps het egter tydens wapenskouings en veldtogte onder bevel van die verskillende veldkornette en kommandante gestaan.[92]

Die belangstelling wat die Volksraad in 1892 in die korpse begin toon het, het weer eens tot die stigting van verskeie vrywilliger eenhede aanleiding gegee. So het onder meer die *Ladybrand Rifles* en die *Reitz Own* te Kroonstad tot stand gekom.[93] In 1894 berig *The Friend of the Free State* dat *Reitz Own* teenwoordig was toe pres Reitz te Kroonstad ontvang was, 'and looked a fine body of men . . . dressed in black trousers, white coats, and 'smasher' hats with orange bands on, . . . and led by their ever energetic commander, Mr. A. L. Thring.'[94] Ongelukkig het ook sommige van hierdie korpse maar 'n kort lewensbestaan gehad, want in Januarie 1894 skryf majoor R. Albrecht aan die Goewermentsekretaris dat hy die gewere by die *President Brand Rifles* teruggevra het 'daar ik aanneemen moet dat het P. B. Rifles niet meer bestaat.'[95]

## Slot

Dit blyk dus dat nie één van die Vrystaatse vrywilliger eenhede tot 'n permanente mag ontwikkel het nie, en selfs op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog het een Gustav Bauman berig dat hy en die heer C. G. Fichardt 'een corps van depeche rijders van 20 tot 30' gestig het.[96] Die rede waarom hierdie eenhede telkens doodgeloop het, is nie maklik te verklaar nie, maar dit wil voorkom asof die meeste van hierdie eenhede slegs uit 'n erewag wat vir 'n spesiale geleentheid saamgestel was, ontwikkel het.[97] Dit was dan ook hoofsaaklik die Engelssprekende dorpenaar wat hierdie eenhede gesteun het, terwyl die Afrikaner die bekende kommandostelsel as voldoende beskou het en teenoor alle ander vorme van militêre oefening vyandig gestaan het.[98]

Die pers het die President en die Volksraad verwyt dat hulle nie die nodige ondersteuning aan die eenhede gegee het nie.[99] Dit is egter te betwyfel of die eenhede wel 'n bestaansreg gehad het, want die kommando-stelsel is deurgaans as die mees geskikte militêre stelsel beskou. In hierdie verband is die verklaring van raadslid W. H. Beddy in 1893 insiggewend, nl. 'dat Vrywillige Corpsen in tijden van oorlog toch onder twee chefs staan,'[100] want burgers was in tye van oorlog verplig om onder die veldkornette te dien.[101] Ook pres Brand het in 1879 tot die besef gekom dat ondersteuning aan vrywilliger eenhede 'ons geheele krijgstelsel zoude in de war brengen.'[102] Die gevolg hiervan was dat die eenhede nie veel hulp van die staat ontvang het nie. In 1878 het die Uitvoerende Raad altans besluit dat 'de U. R. personen (lede) niet kun verpligten zich aan zoodanige regulatien te onderwerpen maar kunnen zij zich vrywillig daaraan verbinden.'[103]

Tog was die vrywilliger eenhede nie algeheel sonder nut nie. Die lede is in die gebruik van wapens geoefen, terwyl veral die Bloemfontein Rangers tydens die Basoeto-oorloë van die sestigerjare waardevolle dienste gelewer het.

**Voetnote**

1. G. M. Theal: *Basutoland Records*, Vol 3A, p 11
2. J. A. Steenkamp: *Die Verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek*, M.A., UOVS, 1976, p 19
3. A. G. MacKenzie: *The Dukes: A History of the Duke of Edenburgh's own Rifles*. Kaapstad, 1956, p 1
4. *Ibid*
5. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 30.12.1847, Proklamasie
6. *Ibid*
7. J. F. Midgley: 'The Orange River Sovereignty, 1848-1854', in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1949, Vol II, p 327
8. *Ibid*, p 327. Sien ook The Friend of the Sovereignty, 9.6.1851
9. *G.S. 276*, p 170. W. J. Coleman aan J. P. Hofman, 2.9.1854
10. *The Friend of the Free State*, 16.9.1854. Brief van W. J. Coleman.
11. *Ibid*, 2.9.1854. Hoofartikel
12. *Ibid*, 23.9.1854. Korrespondent van Caledonrivier.
13. *The Friend of the Free State*, 20.6.1857, p 4
14. *G.S. 96*, p 138. W. W. Collings aan J. N. Boshoff, 11.7.1857
15. *G.S. 1552*. J. W. Spruit aan W. W. Collins, 17.7.1857
16. *The Friend of the Free State*, 28.2.1862. Volunteer, Rifle and Artillery Corps
17. W. W. Collins, *Free Statia*, p 116.
18. *S.A. Argiefstukke*, OVS No. 2, p 141. Volksraadsnotule 12.8.1857.
19. *The Friend of the Free State*, 25.7.1857. Rules and Regulations of the Fauresmith Rifle Corps
20. *Ibid*, 24.10.1857. Bijeenkomst gehouden te Winburg . . .
21. *Ibid*, 25.7.1857. Rules and Regulations of the Fauresmith Rifle Corps
22. *Ibid*
23. *Ibid*, 24.10.1857. Bijeenkomst gehouden te Winburg.
24. *Ibid*
25. *S.A. Argiefstukke*, OVS No. 3, p 39. Volksraadsnotule, 12.2.1858
26. *Ibid*, OVS, No. 3, p 187. Memorie van L. Bouwer, 12.11.1857.
27. *Ibid*, OVS, No. 3, p 39. Volksraadsnotule, 13.2.1858.
28. *Ibid*, OVS, No. 3, pp 39-40. Volksraadsnotule, 13.2.1858.
29. H. J. Hofstede: *Geschiedenis van den Oranje-Vrystaat*, p 130
30. *The Friend of the Free State*, 17.8.1860. The Prince's Visit. Volgens *The Friend of the Free State* van 31.6.1869 'The Prince's progress' het die groep selfs hul eie orkes gehad.
31. S. Solomon: *The Progress of His Royal Highness Prince Alfred Ernest Albert through the Cape Colony, British Kaffraria, the Orange Free State and Port Natal in the year 1869*, p 83
32. *Ibid*, 12.6.1863: Artillerie-korps te Smithfield; *Ibid*, 22.1.1864: Harrismith Volunteers; *Ibid*, 5.2.1864: Boshof Volunteers; Sien ook *U.R. 2*, p 289. Notule van Uitvoerende Raad, 7.9.1863 en T. B. Barlow: *The Life and Times President Brand*, p 48
33. *The Friend of the Free State*, 15.1.1864, p 3
34. *Ibid*, 5.2.1864. Records of Bloemfontein
35. *G.S. 1527*. Omsendbrief aan alle bevelvoerders van vrywillige eenhede, 22.3.1864.
36. *G.S. 110*, p 119. E. S. Hanger aan Goewermentsekretaris, 24.3.1864.
37. *The Friend of the Free State*, 15.4.1864. Local and General
38. *Ibid*, 6.5.1864. Local and General
39. *Ibid*, 17.6.1864. Local and General
40. *Ibid*, 24.6.1864. Local and General
41. *U.R. 3*, pp 22-25. Notule van Uitvoerende Raad, 14.6.1864. Sien ook *G.S. 1527* p 248. Goewermentsekretaris aan E. S. Hanger, 20.6.1864.
42. *The Friend of the Free State*, 24.6.1864. Brief van Pipeelay.
43. *Ibid*. 1.7.1864. Hoofartikel
44. *Ibid*, 10.6.1864. Brief van Tom Bowling
45. *Ibid*, 18.11.1864. Local and General.
46. *Ibid*, 14.7.1865. Algemeen en Plaatselijk. Sien ook *Ibid*, 29.9.1865. Local and General
47. G. M. Theal: *op cit*, Vol 3A, p 409. Sien ook *The Friend of The Free State*, 2.8.1865; Brief van E. S. Hanger, en 25.8.1865; 'Mr. Howell's Diary.'
48. *The Friend of the Free State*, 27.10.1865. Plaatselijk en Algemeen.
49. *Ibid*, 23.2.1866. Local and General
50. *Ibid*, 29.9.1865. Hoofartikel
51. *Ibid*, 9.6.1865. Brief van "An Old Settler."
52. *Ibid*, 16.6.1865. Hoofartikel
53. *Ibid*, 14.7.1865. Brief van "A Well-Wisher of the State"
54. *Ibid*, 29.9.1865. Hoofartikel; *Ibid*, 20.10.1865: Vrijwillige korps; *Ibid*, 15.12.1865: Brief van Paterfamilias.
55. *Ibid*, 13.10.1865. Vrijwillige korps . . .
56. *Ibid*, 20.10.1865. Kennisgewing, 12.10.1865
57. *Ibid*, 20.10.1865. Vrijwillige korps . . .
58. *G.S. 114*. Goewermentsekretaris aan President, 1.11.1865
59. *The Friend of the Free State*, 17.11.1865. Plaatselijk en Algemeen.
60. *G.S. 1512*. J. H. Brand aan T. Webster, 17.11.1865
61. G. M. Theal: *op cit*, Vol 3B, p 535
62. *Ibid*, pp 547-548
63. *Ibid*, p 549
64. *The Friend of the Free State*, 22.12.1865. Nieuwe Proclamasie
65. *Volksraadsnotule*, 10.2.1866, p 33
66. *Gouvernements Courant*, 14.2.1866. Gouvernements Kennisgewing, 13.2.1866 artikel 18
67. *Ibid*, artikel 1
68. *Ibid*, artikel 3
69. *Ibid*, artikel 25
70. *Ibid*, artikel 28
71. *G.S. 1350*. P. Wessels aan President, 24.1.1866. 'Ek het de eer U. H. Edelen by deze ter kennisse te brengen dat de heer Webster kaptein van het Vrywilliger corps zich alhier bij mijn lager bevindende getrouwheid en hulp aan ons land betoond en dat ZED benevens zijne blanke manschappen zich zoo goed hebben gedragen zoodat ik niet kon nalaten UHEd hiervan kennis te geven.'
72. *The Friend of the Free State*, 15.12.1865. Brief van "Not a Paterfamilias"
73. *G.S. 1352*. C. Lucas aan President, 20.11.1865
74. *The Friend of the Free State*, 10.8.1866. Local and General
75. *G.S. 1352*. T. Webster aan Goewermentsekretaris, 8.7.1866
76. *The Friend of the Free State*, 22.3.1867. Local and General. "Not one volunteer has gone from the town (Winburg) . . .to the commando."
77. *Ibid*
78. *Ibid*, 22.4.1869. Hoofartikel
79. *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertensieblad*, 11.9.1888. Volunteer Corps. Sien ook H. H. Curson: *President Brand Rifles* in *Africana Notes and News*, Maart 1854, p 48
80. *G.S. 182*, p 131. J. Steyn aan President, 30.11.1888
81. *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*, 18.9.1888. P. B. Rifles. Sien ook *The Friend of the Free State*, 16.1.1889. The swearing-in of his honor president Reitz.
82. *The Friend of the Free State*, 13.2.1889. P. B. Rifles
83. *Ibid*
84. *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad*, 16.9.1890. P. B. Rifles
85. *Ibid*, 26.11.1889. P. B. Rifles
86. *The Friend of the Free State*, 30.4.1890. Odds and Ends
87. *G.S. 189*. p 19. Offisiere van P. B. Rifles aan President, 18.9.1890. Teen Julie 1891 het reeds 70 lede die eed van getrouheid afgelê. Sien *G.S. 192*, p 79. G. Reeler aan President, 24.7.1891
88. *De Gouvernements Courant*, 12.12.1890. Regiments Reglement van de President Brand Rifles
89. *Volksraadsnotule*, 25.6.1892. p 515
90. *Ibid*
91. *Volksraadsnotule*, 1893. Wet No. 5 van 1893, artikel 3
92. *Ibid*, artikel 6
93. *De Gouvernements Courant*, 15.7.1892. Gouvernements Kennisgewing, 14.7.1892 Sien ook *The Friend of the Free State*, 6.9.1892. Shooting competition
94. *The Friend of the Free State*, 20.3.1894. The President at Cronstadt
95. *G.S. 204*, p 16. R. Albrecht aan Goewermentsekretaris, 22.1.1894
96. *U.R. 7*, p 13. Notule van Uitvoerende Raad, 23.9.1899
97. *De Express en Oranjevrijstaatsche Advertentieblad, 12.10.1876 Plaatselijk en Algemeen.*
98. *S.A. Argiefstukke*, OVS No. 3, pp 186-187. Memorie
99. *The Friend of the Free State*, 15.12.1865 Brief van 'Not a Paterfamilias'
100. *Volksraadsnotule*, 12.6.1893, p 376
101. *G.S. 1526*, pp 506-507. Goewermentsekretaris aan M. J. Wessels, 31.7.1865 Sien ook *U.R. 6*, p 480. Notule van Uitvoerende Raad, 24.4.1876
102. *Volksraadsnotule*, 21.5.1879, p 115
103. *U.R. 7*, pp 305-306. Notule van Uitvoerende Raad, 12.4.1878